higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STAATSBESTUUR
NKR VLAK 4

(8011004)

21 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
STAATSBESTUUR
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs 'n swart of 'n blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die Staatsveiligheidsagentskap verskaf nie aan die regering intelligensie oor ... nie.

A binnelandse en buitelandse bedreigings
B bedreigings vir die grondwetlike orde
C misdaadstatistiek
D die veiligheid en welsyn van die mense

1.2 Nasionale prioriteitsmisdade sluit in ...

A ernstige georganiseerde misdaad.
B ernstige kommersiële misdaad.
C ernstige korrupsie.
D al die bogenoemde.

1.3 Watter agentskap moet behoorlike polisieoptrede bevorder?

A Die Onafhanklike Polisie-ondersoekdirektoraat
B Die Suid-Afrikaanse Kommissie vir Mensehulpbronne
C Die Openbare Beskermer
D Die Suid-Afrikaanse Polisiediens

1.4 Op watter vlak is Suid-Afrika met betrekking tot die Wet op die Beskerming van Slagoffers van Mensehandel?

A Vlak 1
B Vlak 2
C Vlak 3
D Nie een van die bogenoemde nie.

1.5 Watter een van die volgende wette maak voorsiening vir die aanstelling van die Gesamentlike Staande Komitee oor Intelligensie?

A Die Wet op Oorsig van Intelligensiedienste (Wet 40 van 1994).
B Die Wet op Verdediging (Wet 42 van 2002).
C Die Wet op Nasionale Strategiese Intelligensie (Wet 39 van 1994).
D Die Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens (Wet 10 van 2012).

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf. Korrigeer ONWAAR stellings.

2.1 Die pligte van 'n reservis sluit pligte in die aanklagkantoor, hantering van klagtes en die bestuur van patrollies in.

2.2 Die SANW beskik oor 'n eie Militêre Polisiediens om misdaad in die SANW te ondersoek.

2.3 Die Openbare Beskermer het jurisdiksie oor private maatskappye.

2.4 Voor 1994 het die polisie bekendgestaan as die Suid-Afrikaanse Polisie en na 1994 het dit die Suid-Afrikaanse Polisiemag geword.

2.5 Die belangrikste doelwit van SANParks se bewaarders is om integriteitspatrollies uit te voer om die park se fauna alleen waar te neem en te monitor.

2.6 Volgens nasionale wetgewing moet die Verkiesingskommissie verkiesings van nasionale, provinsiale en munisipale wetgewende liggame bestuur.

2.7 'n Persoon wat nie 'n belastingaanslag by SARS indien nie, en nie inkomste verklaar nie, mag aan belastingsmisdaad skuldig wees.

2.8 Die Stasiekommissaris moet 72 uur wag om die Direktoraat oor 'n saak wat ondersoek moet word, in te lig.

2.9 Gemeenskapspolisiëringsforums het magte oor polisiëring en wetstoepassing.

2.10 Verhoorafwagtende aangehoudenes het 'n unieke status en word deur 'n stel regte en vereistes beskerm wat anders is as dié van oortreders wat reeds gevonnis is.

[15]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n woord of term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer. ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Kommissie vir Geslagsgelykheid	A	verdagte persoon of voertuig in die buurt
3.2	Ouditeur-generaal	B	formele belofte om die waarheid te praat met verwysing na God as getuie
3.3	Immigrasie	C	moet respek vir geslagsgelykheid bevorder
3.4	Emigrasie	D	vlugtelingpermit
3.5	Bloedskande	E	moet die rekeninge van alle regeringsdepartement oudit en daaroor verslag doen
3.6	Insident	F	'n vermiste persoon
3.7	Klagte	G	wanneer jy Suid-Afrika verlaat om in 'n ander land te gaan bly
3.8	Eed	H	'n plegtige verklaring om die waarheid te praat
3.9	Bevestiging	I	wanneer 'n persoon uit 'n ander land in Suid-Afrika kom vestig
3.10	Artikel 24-permit	J	word as 'n seksuele misdryf beskou
		K	moet behoorlik gemagtig word
		L	riglyn vir aanvaarbare gedrag

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Ooreenkomstig die gedragskode van die Suid-Afrikaanse Polisiediens, hoe moet polisiebeamptes hulle daartoe verbind om 'n veilige omgewing vir alle mense in Suid-Afrika te skep? (3)

4.2 Noem DRIE sake wat nie binne die regsgebied van die Onafhanklike Polisie-ondersoekdirektoraat val nie. (3)

4.3 Noem EEN van Interpol se misdaadprogramme. (1)

4.4 Noem DRIE magte waaroor die Omgewingsbestuursdirektoraat beskik. (3)
[10]

VRAAG 5

5.1 Wat is TWEE redes vir opsluiting deur die Departement van Korrektiewe Dienste (DKD)? (2)

5.2 Noem die VIER intelligensie-organisasies in Suid-Afrika. (4)

5.3 Noem VIER bedreigde spesies in Suid-Afrika. (4)
[10]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 6

Gaan die volgende infografiese inligting sorgvuldig na en beantwoord die vrae wat daarop volg:

INFORMANT SE KLAGTE TEEN RAMAPHOSA; WAAROM DIE OPENBARE BESKERMER NIE DIE KLAGTE VERDER ONDERSOEK HET NIE

Die Openbare Beskermer het 'n verslag oor aantygings dat President Cyril Ramaphosa 'n informant nie beskerm het nie, gesluit, ten spyte daarvan dat hy blykbaar onderneem het om dit te doen, aangesien geen bewyse bevestig kon word nie. Thabiso Zulu, 'n informant oor die politieke moorde in KwaZulu-Natal, was in Oktober 2019 'n slagoffer van 'n onsuksesvolle sluipmoordaanval. News24 het vroeër berig dat drie mans op Zulu geskiet het waar hy in Copeville geloop het. Hy is in die arm getref en is in die hospitaal opgeneem. Hy het homself later ontslaan en skuiling gesoek. In Zulu se klagte by die Openbare Beskermer het hy beweer dat hy met die Minister van Sekerheid op daardie stadium, Ayanda Dlolo, gepraat het wat die foon aan Ramaphosa oorhandig het. Hy beweer dat Ramaphosa belowe het dat hy na 'n plek van veiligheid geneem sou word en beskerming sou ontvang.

Kopiereg voorbehou

Ramaphosa ontken egter dat hy onderneem het om aan Zulu sekerheidsbeskerming op staatsonkoste te verskaf. Hy het dit duidelik gemaak dat die SAPS die situasie sou ondersoek en op grond van die ondersoek 'n besluit sou neem. Diko het gesê dat 'n joernalis haar in kennis gestel het dat Zulu geskiet en in die hospitaal opgeneem is. Sy het hierdie inligting aan die president se veiligheidsraadgewer, Charles Nqakula, oorgedra wat haar ingelig het dat hy met die nasionale polisiekommissaris gepraat het. Hy het ook vir Diko gevra om die kommissaris direk te skakel en hom oor Zulu se situasie in te lig. Die kommissaris het aan Diko gesê dat polisiebeamptes by die hospitaal ontplooi is om Zulu te beskerm. Sy kon Zulu nie per telefoon bereik nie en het 'n teksboodskap aan hom gestuur om hom in te lig dat beamptes ontplooi is. Zulu se reaksie was dat hy homself ontslaan het. Hy het gesê dat hy gesond was en dat hy met Ramaphosa gepraat het.

In haar verslag het die Openbare Beskermer, Busisiwe Mkhwebane, gesê dat op grond van die bewyse wat ingewin is en die regulasies wat die standaard bepaal waaraan die president moes voldoen, was haar opinie dat die saak nie verder gevoer hoef te word nie.

'Behalwe bevestiging dat 'n telefoongesprek tussen die klaer en die president plaasgevind het, kon die Openbare Beskermer nie uitsluitsel kry oor die inhoud van die gesprek tussen die klaer en die president nie en/of die beweerde onderneming wat die president gemaak het nie,' het Mkhwebane gesê. Mkhwebane het besluit om die saak te sluit aangesien geen bewyse dat so 'n onderneming gemaak is, bevestig kon word nie. Sy het bygevoeg dat dit nie duidelik was hoedat die president se optrede in dié verband 'n nalating sou wees om die Grondwet te onderhou nie.
Verder is, na 'n suksesvolle hofaansoek deur die SA Menseregtekommissie, beskerming aan Zulu aangebied, maar hy het versoek om vir persoonlike redes van die saak uitgesluit te word en 'die grondslag vir sy klagte by die Openbare Beskermer dus onbelangrik was'.

[Bron: *News24* – Alex Mitchley – 29 September 2021) Aanlyn beskikbaar by: *https://www.news24.com* (Transkripsie verkort)]

6.1 Definieer die term, *informant* (*'whistle-blower*'). (1)

6.2 Wie mag 'n klagte by die Openbare Beskermer lê? (1)

6.3 Hoe werk die Openbare Beskermer? (2)

6.4 Waarom is die Openbare Beskermer by die ondersoek betrek? (1)

6.5 Oor watter ander persone as dié in VRAAG 6.4 het die Openbare Beskermer enige jurisdiksie? (3)

6.6 Wie kan nie deur die Openbare Beskermer ondersoek word nie? (1)

6.7 Waarom kon die SA Menseregtekommissie beskerming aan Zulu aanbied? (3)

6.8 Wat is die rol van die Onafhanklike Polisie-ondersoekdirektoraat? (3)
[15]

VRAAG 7

Lees die volgende scenario's sorgvuldig en beantwoord die vrae.

7.1 Kyk na die strokiesprent hier onder en beantwoord die vrae.



Die Regering was van mening dat die ou SAP-mag, met sy ontoeganklik benadering en disrespek vir menseregte veroorsaak het dat lede van die publiek die polisie wantrou het.

7.1.1 Watter inisiatief/vennootskap het die regering ingestel om die SAPD in die voorkoming van misdaad by te staan en die vertroue tussen die polisie en die gemeenskap te herstel? (1)

7.1.2 Gee DRIE doelwitte van die vennootskap wat in VRAAG 7.1.1 genoem is. (3)

7.2 'n Vriend het vir jou 'n WhatsApp-skakel na 'n artikel met die titel: 'Kabinet keur Batho Pele Herlewingstrategie goed', gestuur. 'n Uittreksel uit die artikel lui soos volg:

In September 2022 is dit vyf-en-twintig jaar sedert Suid-Afrika die Batho Pele Strategie aangeneem het. Die Kabinet het die Batho Pele Herlewingstrategie by sy vergadering op 9 Maart 2022 goedgekeur. Hierdie Herlewingstrategie is deel van die algehele poging van die regering om die openbare dienste meer professioneel te maak ooreenkomstig die regering se Prioriteit 1, wat daaroor gaan om 'n bekwame, etiese en ontwikkelingstaat te bou.

Jou vriend het 'n paar vrae oor hierdie beginsels en die implementering daarvan.

7.2.1 Wat beteken Batho Pele? (1)

7.2.2 Word hierdie beginsels in alle departemente dieselfde toegepas? Staaf jou antwoord. (2)

7.2.3 Openheid en deursigtigheid is sommige van die beginsels wat vertroue bou. Wat is die sleutelaspekte waaroor die publiek meer moet weet? (4)

7.3 Jou ouma het jou onlangs van 'n insident vertel waar sy versorging by 'n plaaslike regeringskliniek geweier is. Sy is ingelig dat sy, omdat sy oud is, nie vir behandeling by die fasiliteit kwalifiseer nie. Hulle het haar baie swak behandel en sy is van mening dat sy nie versorging, 'n basiese mensereg, ontvang het nie.

7.3.1 Watter agentskap wat deur die Grondwet daargestel is, is die beste om hierdie saak te ondersoek? Staaf jou antwoord. (2)

7.3.2 Kan jy namens jou ouma 'n klagte lê? Staaf jou antwoord. (1)

7.3.3 Wat is hierdie instelling se sleutelrol? (1)
[15]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

VRAAG 8

'n Werksgeleentheid het onlangs in die Departement van Binnelandse Sake beskikbaar geword. Kyk na die uittreksel uit die voorskrif hier onder:

Careers at DHA

The National Development Plan (NDP) 2030 is a compass pointing South Africa in a new direction where poverty is eliminated and inequality is reduced by 2030. This desired destination can be reached by enhancing the capacity of the State, and the Department of Home Affairs is committed to delivering on this goal.

The Department of Home Affairs is an equal opportunity and affirmative action employer. It is our intention to promote representivity (race, gender, disability) through the filling of positions. To further the objectivity of representivity within the Department, Women and People with Disabilities are encouraged to apply.

We are looking for committed, passionate and talented individuals to form part of a new leadership team, equipped with the right skills to deliver a modern world-class service. If you committed on delivering on the National Development Plan's (NDP's) priorities, ascribe the Department's shared value set, have what it takes to serve the needs of South Africa's citizens, residents and visitors - and your credentials meet the requirements of any of the following positions - kindly respond before the closing date.

POST NO 1	:	**DIRECTOR: HUMAN RESOURCE PLANNING, REF NO: HRMC 58/22/1**
SALARY	:	An all-inclusive salary package **R1 073 187 to R1 264 176 per annum** (Salary Level 13), structured as follows: Basic salary – 70% of package; State contribution to the Government Employee Pension Fund – 13% of basic salary. The remaining flexible portion may be structured in terms of the applicable remuneration rules.
CENTRE	:	Head Office, Pretoria, Branch: Human Resource Management & Development, Chief Directorate: HR Strategy and Planning.
REQUIREMENTS	:	• An undergraduate qualification in Human Resource Management / Public Management / Administration / Industrial Psychology / Management Science at NQF level 7 as recognised by SAQA • An SMS Pre - entry certificate endorsed by National School of Government is required • 5 years' experience in middle / senior management is required • Extensive experience in Human Resource Planning / Public Administration / Management / Industrial Psychology / Management Sciences environment • Knowledge of the Public Service Regulations of 2016 relevant to Human Resource Planning • Knowledge of the Public Service Regulatory Frameworks relevant to Human Resource Planning • Knowledge of Skills Development Act and related legislation • Knowledge and understanding of Human Resource

Een van jou vriende is goed gekwalifiseer vir hierdie posisie en is na 'n onderhoud genooi. As deel van die assesseringsproses vir die posisie, moet jou vriend in een bladsy 'n oorsig oor die departement verskaf. Hulle het gevra dat jy hulle in hierdie verband met inligting moet help.

Skryf voorbereidende aantekeninge vir jou vriend oor die volgende onderwerpe:

8.1 Onderskei tussen die burger- en immigrasietakke van die Departement van Binnelandse Sake en verwys spesifiek na hul funksies en verantwoordelikhede. (9)

8.2 Wie staan die Departement van Binnelandse Sake in die buiteland by indien hulle nie verteenwoordig word nie? (1)

8.3 Noem en beskryf kortliks ander programme en projekte van die departement. (10)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou